
NAMAKWALAND MYNE VRAE & ANTWOORDE

1. Waar is Namakwaland Myne geleë?

Namakwaland Myne ("NM") is langs die weskus van die Noord-Kaap geleë, ongeveer 60 km suid van Port Nolloth, en dek 'n algehele geografiese gebied van meer as 2 750 km².

2. Watter maatskappy het NM by De Beers oorgekoop?

Bates en verpligtinge verwant aan NM is deur West Coast Resources (Edms.) Bpk. – voorheen bekend as Emerald Panther Investments 78 (Edms.) Bpk. of "EPI" – bekom.

West Coast Resources is 'n nuut-gestigde gesamentlike onderneming wat besit word deur:

- Trans Hex (40,0%)
- RECM en Calibre Bpk. (27,2%)
- die Staat (Departement van Openbare Ondernemings) (20,0%)
- Dinoka Investment Holdings (Edms.) Bpk. (8,8%)
- die Namakwalandse Diamant Fonds Trust (4,0%).

3. Tot watter mate is Trans Hex by die nuwe projek betrokke?

Trans Hex is deur West Coast Resources gekontrakteur om die daaglikse bestuur van die myn se bedrywighede te behartig en die myn se diamante te bemark vir 'n algehele fooi van 5,5% van die inkomste.

Trans Hex sal verantwoordelik wees vir die aanvanklike ontwikkeling van die aanleg en infrastruktuur, asook die werwing van personeel. Daarna sal Trans Hex tegniese en bestuursondersteuning, intellektuele eiendom en stelsel-, prosedure- en beheerleiding verskaf.

Enige ander dienste wat Trans Hex verskaf, sal vanaf 'n afstand geskied.

4. Watter bedrywighede word vir die eerste 12 maande beplan?

Werkzaamhede het in Desember 2014 afskop met 'n finale herwinningaanleg by Kleinzee. Die aanleg sal aanvanklik uitskot herverwerk, maar soos die ander mynbou-aktiwiteite begin, sal dit al die ander aanlegte se konsentraat verwerk.

'n Grootmonsteraanleg, wat na beraming teen April 2015 operasioneel sal wees, sal by Mitchell's Baai gebruik word om voor produksie te toets. Die konstruksie van die Mitchell's Baai-aanleg word vir middel 2015 beplan, met volle produksie op die kaarte vir die derde kwartaal van dieselfde jaar.

Ontwikkeling van die Mannels Vley-projek word vir die derde kwartaal van 2015 beplan en produksie vir die eerste helfde van 2016.

Kontrakteurs sal die vlakwater mariene konsessies van Trans Hex en West Coast Resources ontgin.

5. Wat is West Coast Resources se werwingstrategie?

Met agting vir toepaslike wetgewing en onderhewing aan die beskikbaarheid van die nodige vaardighede, sal werwing daarop fokus om kandidate uit die plaaslike gemeenskappe te lok met 'n klem op voorheen benadeelde individue, insluitend vroue en die jeug.

6. Hoeveel werknemers sal in diens geneem word?

West Coast Resources sal tydens die eerste drie maande na beraming 20 individue in diens neem. Hierdie getal sluit personeel by die Kleinzee-aanleg en ondersteuningspersoneel vir die projek as 'n geheel in.

West Coast Resources

Sodra die Mitchell's Baai-aanleg operasioneel is, sal hierdie getal tot ongeveer 90 vermeerder. Die Mannels Vley-projek sal na skatting nog 80 poste skep.

Dit word dus verwag dat West Coast Resources se personeelgetal teen Junie 2016 sal vermeerder tot net minder as 200.

Die ingenieurskontraakteurs verantwoordelik vir die opgradering en konstruksie van die Mitchell's Baai- en Mannels Vley-aanlegte sal ook van plaaslike vaardighede gebruik maak en sodoende bydra tot algehele werkskepping.

Na beraming sal die West Coast Resources-personeelgetal na ses jaar by 430 'n hoogtepunt bereik en die algehele poste geskep by ongeveer 550 draai.

7. Wat is die produksieverwagting vir die eerste 12 maande?

Produksie tydens die eerste jaar word beraam op 69 000 karate.

8. Wat is die beraamde lewensduur van die projek?

NM het 'n mynlewe van ongeveer 14 jaar.

9. Hoe kontak ek West Coast Resources?

Tydens hierdie beginfase kan alle navrae via e-pos gerig word aan info@westcoastresources.co.za.